

## Shirley Kossick

Emeritus Professor of English  
Literature, University of South Africa

■ As part of the present wonderful efflorescence of post-apartheid fiction, Farida Karodia stands shoulder to shoulder with the best. Her new novel, **Boundaries**, centres on the sleepy town of Vlenterhoek in the remote Northern Cape. Untouched so far by the new South African democracy and impervious to change, much less transformation, the town has continued in its old apartheid ways. The arrival of a film crew and cast consisting mainly of Indians and mixed-race members comes as a rude shock to the old brigade but shakes the community into a new vitality.

Swarming with a large cast of varied characters from all social strata, the microcosm of Vlenterhoek becomes the

## Personal choices...

*Books that reflect our changed society and history in the last ten years*

ideal site for examining South Africa's problems as a whole and for offering viable solutions.

### Ena de Beer

Bibliotekaris, Swellendam Biblioteek

■ Indien die beste boek die afgelope tien jaar ook beskou word as die gewildste in sy genre, is dit die outobiografie van Nelson Mandela, **Long walk to freedom**. Hierdie boeiende en lewendige vertelling oor die lewe van Mandela illustreer die rol van een van die grootste staatsmanne in die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die

ontstaan van 'n veelrassige en meerderheidsregering en die ontwikkeling daarvan. Al word sy belangrikheid in die rekonsiliairieproses soms bevraagteken, bly hy die held van menige Suid-Afrikaner. Die gemaklike skryfstyl, humorvolle vertellings en interessante foto's het baie mense, wat andersins nie in nie-fiksie belangstel nie, geïnspireer om dit te lees.

## Anneke Kloppers

Bibliotekaris, Struisbaai Biblioteek

■ My keuse is **Die dag toe Gogo gaan stem het** deur Elinor Batezat Sisulu. Die motivering vir my keuse is die feit dat daar belangrike aspekte in verband met die verkiesingsproses, sowel as kiesopleiding gedeck word.

Gogo en Thembi stel ook mooi die tydsverloop voor - Gogo die verlede en Thembi die toekoms.

Gogo wys ook vir ons dat dit nie saak maak hoe oud jy is nie, jou stem kan 'n verskil maak!

## Freddy Ogterop

### Film/Video/DVD Selector

■ If democracy is to mean anything, it must be prepared to tolerate dissenting views and allow those who perceive that the emperor isn't wearing any clothes to state this without fear of retribution. If this can be done with insight, wit and intelligence, so much the better. Therefore I would opt for the collective works of our local cartoonists, notably the always challenging Zapiro and, at least during its early days, Francis, Dugmore and Rico's **Madam and Eve**.

## Beverley Thomas

### Museum Scientific Service

■ My choice would be JM Coetzee's **Disgrace** because it's about change and 'things-staying-the-sameness'. It reflects our expectations, and their fulfilment and/or disappointment.

## Nohra Moerat

### etv Library and Information Services

■ **The Madonna of Excelsior** by Zakes Mda must rate as one of my favourite books of the last ten years. The story is set against the backdrop of the infamous Immorality Case that rocked the rural town of Excelsior in 1971 and made news headlines around the world, yet it is told with compassion and beauty. Mda is able to paint with words and I could see the landscape through Popi's eyes. But I could also empathise with the confusion, anger and hurt of his main characters and feel relief when they are reconciled with who they are and how they look.

Mda has created a truly inspiring work; one that describes the dehumanising effect of apartheid while at the same time promising hope for the future of this country and its people.



## Stefan Wehmeyer

### Assistentdirekteur: Steudienste

■ Sou nou nie juis sê my favourite boek nie, maar **Slagplaas** van Koos Prinsloo wat al voor 1994 verskyn het, was 'n boek wat die ou orde se fondamente 'n lekker steuwige 'skewe' kraak gegee het. Die boek is destyds gemerk 'sensitiewe materiaal' en was seker vir lank in menige konserwiewe biblioteek se kassie opgesluit.

## Johanna de Beer

### Book Selector

■ My vote goes to the cartoons of Zapiro, with the annual selection being published at the end of each year, the most recent being **Dr Do-Little and the African potato: cartoons from Sowetan, Mail & Guardian and Sunday Times** (Double Storey, 2003). All the news stories that made headlines nationally and internationally are to be found here as well as a keen intelligent take on the state of the nation and its psyche. Clever and bold, Zapiro's cartoons are always thought provoking and entertaining and invariably elicit a strong response. He never ceases to surprise me with what he has to say and how he says it.

## Suzette Marais

### Bibliotekaris, Bredasdorp Biblioteek

■ Die Nederlandse skrywer Henk van Woerden het op negejarige ouderdom saam met sy ouers na Suid-Afrika geëmigreer. Hy woon in Suid-Afrika van 1956-1968 waarna hy die land met tussenposes besoek.



In **Domein van glas** vertel hy die verhaal van Demetri Tsafendas wat dr HF Verwoerd op 6 September 1966 met 'n dolk in die parlement doodgesteek het. Hierdie daad het destyds sinneloos voorgeskommel, gepleeg deur 'n mal man wat met 'n lintwurm behep is.

Op verbeeldingryke en deernisvolle wyse verwoord die skrywer Tsafendas se verhaal soos hy dit in 'n groot aantal première bronne gevind het. Dit is 'n tragiese verhaal. Tsafendas is as baba van sy biologiese ma geskei omdat sy vir sy pa'n verleenheid was. Tsafendas het haar nooit geken nie. Hy het lank by sy ouma in Alexandrië gewoon totdat sy hom nie meer kon versorg nie. Daarna, terug by sy pa, vertel sy stiefma hom op 17-jarige ouderdom dat sy eie ma swart is en dat hy nie welkom is nie.

Die verstote half-Griek half-swart man swerf deur verskeie lande, hawens en inrigtings waar hy nêrens 'n tuiste kan vind nie. In die proses word hy verskeie tale magtig. Daar word vertel hoe hy weer in Suid-Afrika terugkom en by die parlement werk kry. Aan die einde besef 'n mens dat die daad wat Tsafendas pleeg, ontstellend sin gemaak het, polities sowel as op persoonlike vlak. Die skrywer sê op bladsy 174, 'Agterna beskou, is dit asof die mag van die waansin toe ewe veel geweeg het as die waansin van mag.'

Gedurende die ondersoek na die sluipmoord is daar skynbaar besluit om Tsafendas se politieke oortuigings en halfbloed afkoms te verswyg sodat hy nie as 'n martelaar gesien moet word in die stryd teen apartheid nie. Daar is besluit om op sy psigotiese staat en obsessie met die lintwurm (dit slaan terug op werklike gebeure in Mosambiek) te konsentreer.

Tydens sy begrafnis in 1999 (hy sterf op een-en-tachtigjarige ouderdom) is daar deur iemand gesê dat hy 'n held was. Andersins is hy nie deur politieke partye as held bejêën nie.

Van Woerden relatteer die gebeure deur sy eie indrukke van die ou en nuwe Suid-Afrika te verwoord. Hy het Tsafendas in die hospitaal ontmoet. Hy sê nie dat Ts-

fendas mal is nie, net dat, 'Hy besit nie die vermoë om agtergelate tyd te rangskik nie, te skei van nou nie. Die verbande wat hy lê is nie chronologies nie, maar mities'. Hy besit trouens die eienskappe van 'n goeie verteller. 'Sy verlede hoort tot die domein van glas, verborge, gesien deur 'n lens met skerp breuke.'

Hierdie boek het 'n diep indruk op my gemaak, omdat dit so'n kernmoment in ons geskiedenis toelig. Weinig was bekend gemaak oor Tsafendas en die rede vir sy daad. Die sensitief geskrewe verhaal, uit-muntend vertaal deur Antjie Krog, laat 'n mens weereens besef dat jy nie mag oordeel nie, omdat jy nie weet nie. 'n Mens word gelaat met 'n skriende jammerte vir Tsafendas en 'n berou oor die verloop van ons geskiedenis.

## Nomaza Koncko

**Deputy Director: Regional Organisation**

■ **Though Clued up on culture: a practical guide for all South Africans** by Barbara Elion is a juvenile non-fiction it is a useful guide to all South Africans; young and old. It gives information on the religious and cultural practices of different people in South Africa, understanding of diverse cultures and being able to talk to each other. It looks at various important aspects like catering for the different groups of people, intercultural gifts, useful multi-language phrases. Explanation of the new South African flag; the national anthem, the South African Coat of Arms and the national symbols provide better understanding of their importance. Understanding the place and the people one lives with is of vital importance.

**South Africa: a modern history** by Thomas Rodney Hope Davenport provides a fascinating history of South Africa up to the second democratic elections. It covers the history of South Africa from early years of African Chiefdom, through the Apartheid era and birth of a democratic country; political and legal changes, welfare; educational and ideological challenges and changes up to the year 1999. It gives a clear

picture on the changes in terms of the Heads of State from 1652-1999 and the party representation in the House of Assembly. It is a story about the nation; its horrors and injustices as well as its triumphs. It is a good book as it avoids the hatred and tries to achieve reconciliation among the South Africans.

Mike Telschow's **Townships and the spirit of Ubuntu** by Telschow deals with township life based on the life in the townships of Cape Town. It looks at the adversities of township and life, understanding the way people live and embracing the spirit of Ubuntu. It shows different social activities that township people involve themselves in, small businesses they start and participation in the tourism industry. The cultural activities, the traditions and customs they believe in are highlighted as well. Tradition, cultural and communal spirit and hope are the main points one can learn from this book. The book also looks at the socio-economic conditions experienced by township people.

## Bradley Meyer

**Systems Administrator**

■ **Wizard's first rule** by Terry Goodkind is my joint choice for favourite book in the last ten years. The first rule that wizards learn is that if you tell somebody something often enough they will believe it. This rule applies in the real world as well. If enough people say something often enough, or loud enough, or with enough conviction, it becomes 'the truth'. South Africans are learning a many new truths



and some still find it difficult to forget old ways and 'truths'.

My other choice is **Harry Potter** (all of them) by JK Rowling. It helped spark a renewed interest in reading children's books and specifically in fantasy. It demonstrated how society has changed its reading habits and sociably acceptable reading matter. Adults were racing with their children as to who would read the next Harry Potter first. It also sparked a 'witchhunt' from the more conservative members of the public.

## Ilze Swart

**Bibliotekaris, Bellville Biblioteek**

■ My keuse is **Triomf** van Marlene van Niekerk. Aaklig, ontstellend, afstootlik - is nie woorde wat 'n mens sou verwag om te gebruik vir die oorspronklikste, ont-roerendste, onthutsendse roman in Afrikaans nie. Die lief en leed van 'n wit Afrikaanse armblanke gesin in Triomf, voorheen Sophiatown, op die vooraand van die verkiesing in 1994, word met liefde, humor en deernis uitgebeeld. Dis 'n skriende stuk sosiale kommentaar. Die boek is ook in Engels vertaal deur Leon de Kock, maar die vertaling kan, myns insiens, nie die gees en idioom van Afrikaans weergee nie.

Wenner van die M-Net Boekprys, die CNA Letterkundeprys en die eerste Afrikaanse wenner van die Noma-prys vir publikasies in Afrika.

## Liesel de Villiers

**Adjunkdirekteur: Sentrale Organisasie**

■ Die versoek van die redakteur van die **KB** om slegs een boek uit te sonder wat die nuwe demokratiese bestel sedert

1994 die beste weerspieël, het my met hande in die hare laat sit.

Watter boek kies mens, wat het jy gelees? Ek meen, in 'n periode van tien jaar het ek seker ongeveer 200 boeke gelees en goed twee derdes daarvan vergeet!

Die een boek wat my egter deur die jare bygebleb het, is Eben Venter se **Ek stamel en sterwe**, wat kortlik die verhaal is van 'n jong wit man, Konstant Wasserman, wat die konserwatisme van sy mense nie meer kan verduur nie.

Hy kom veral in opstand teen sy pa, wat van hom verwag om op die familie-

plaas te boer, en besluit om Australië toe te emigreer. Daar word ook daarop gesinspeel dat hy nie 'n stoere boerseun is nie, maar tekens van seksuele afwyking toon. Voordat hy Australië toe vertrek, vertoeft hy in Johannesburg en knoop 'n platoniese verhouding met Delorus aan wat hom aan dagga bekendstel.

Gedurende sy verblyf in Johannesburg ontmoet hy vir Jude wat glo in 'vrye liefde' en kort voor lank vigs kry. Sy vertel nie vir Konstant daarvan nie. Daar is ook tye wat mens nie seker is of Jude manlik of vroulik is nie, alhoewel as leser mens uiteindelik haar tóg as vroulik ervaar.

Die vryheid wat hy in Australië ervaar, weg van die patriargale samelewing van Suid-Afrika, gee hom aanvanklik 'n gevoel van bevryding. Hy begin egter die eerste tekens van vigs toon en mens ervaar sy aftakeling op 'n baie persoonlike vlak. In die weke voor sy dood neem hy sy lewe in oënskou en maak uiteindelik ook vrede met sy pa, voordat hy sterf.

Hierdie boek het my deur die jare bygebly, want dit was die eerste keer dat ek op 'n uiters persoonlike vlak die uitwerking van vigs op 'n individu beleef het. Alhoewel vigs alreeds 'n hoë profiel gehad het in 1996, was daar hoegenaamd nie

soveel klem daarop soos tans die geval is nie. Die Wes-Kaapse Provincie het eers die afgelope twee jaar baie prominensie aan vigs begin gee.

Die boek het dit reggekry dat mens met meer begrip en deernis na vigs kyk en dit het by my persoonlik 'n verandering in my denke gebring.

**Ek stamel ek sterwe** gaan nie primêr oor vigs nie, eerder oor die verhouding van die hoofkarakter met sy pa en die bekrompe samelewing wat hy verteenwoordig. Dog sal niemand wat hierdie boek lees die uitwerking van vigs op 'n individu kan vergeet nie.